

# Die Godsredes in die boek Job: Ideologie en eko-teologie<sup>1</sup>

R Maarschalk & H Viviers

(Randse Afrikaanse Universiteit)

## ABSTRACT

### **The divine speeches in the book of Job: Ideology and eco-theology**

*The ecological crisis has sensitised many to ask seriously how eco-just are we towards the earth and its inhabitants? A “green”-awareness obviously also influences our reading of texts, like all readings which are never value free. A “green”-ideological focus on the divine speeches of Job, lays bare its subtext of eco-justice. Creation, in its intimate relationship with God, has intrinsic value and worth, and becomes - to a certain extent - even “holy”. Nature should be seen in a theocentric and not in a anthropocentric way. It does not exist for the sake of humans alone, in fact, it seems better off without human intervention. Humans are not above nature, but co-subjects of the earth community and should utilize its inhabitants as role models in the mastering of the art of life. Both school and church can play key roles in promoting a universal environmental ethics, as witnessed in Job. Within education circles, a new discipline, Environmental Education, has surfaced in the past few decades to do just this. Within Outcomes-based Education this discipline has ample opportunity to establish not only scientific knowledge on the environment, but eco-just values as well. The Job text, as one of many from the Christian tradition, along with ecological insights from the other mainstream religions, can aid in this laudable endeavour. The church as traditional partner of the school, although guilty of negligence in the past, should also place the cause of eco-justice much higher on the agenda. The divine addresses in Job is a timely warning against the anthropocentrism in the church that threatens to annihilate God’s creation*

## **1 INLEIDING**

### **1.1 Ekologiese krisis**

Die byna histeriese reaksie van “groen”-bewustes oor die omvang van die ekologiese krisis laat die publiek dikwels koud en onaangeraak. Oordrewe emosie en fanatisme bederf baie keer die meriete van ’n baie

---

<sup>1</sup> Opsomming van R Maarschalk se proefskrif, “Die godsredes in die boek Job, ideologie en eko-teologie” (2001), voltooi onder promotorskap van prof H Viviers.

belangrike saak. Hoe lewensbelangrik hierdie saak is, word egter wel bevestig deur 'n nugter kyk daarop. Volgehoue omgewingsuitbuiting vernietig nie slegs spesies en hulpbronne nie, maar kom neer op selfmoord van die mensdom.

Eietydse literatuur, populêr en wetenskaplik, gee gereeld dekking aan die onrusbarende omvang van die ekologiese krisis. Een so 'n voorbeeld is die resente PAGE-verslag – *Pilot Analysis of Global Ecosystems* – wat in die *Time Special Edition* (2000) behandel is. Die verslag wys op die volgehoue vernietiging van die aarde se vyf delikate en komplekse ekostelsels. Kus- en marine ekostelsels word nie, soos populêr geglo word, soseer deur oliebesoedeling bedreig nie, maar deur onbeheerste visvangste wêreldwyd. Wat die varswater-ekostelsels betref, word bevestig dat byna twee biljoen mense 'n watertekort in die gesig staar. Meer as 40% van alle landbougrond is alreeds onvrugbaar. Grasvelde, wat die tuiste bied aan duisende spesies, verdwyn teen 'n onrusbarende tempo deur die mens se eroderende en woestynuitbreidende praktyke deur bosse en woude vir ekonomiese gewin te stroop. Die aarde se “longe” word stelselmatig vernietig met 'n opeenhoping van koolstofdioksied in die atmosfeer, en gevolglike globale verwarming. Die verslag beklemtoon veral dat die vermoë van die aarde om lewe te onderhou, begin vermind. Tans is hongersnood in die wêreld eerder te wyte aan swak voedselverspreiding as aan die aarde se voorsiening daarvan. Ons nader egter baie vinnig die krisispunt waar die aanvraag die aarde se aanbod by verre oorskry. Linden (2000:18) som hierdie krisis raak op:

“When will environmentalism move from being a philosophy promoted by a passionate minority to a way of life that governs mainstream behavior and policy? How can we understand that Earth is one big natural system and that torching tropical rain forests and destroying coral reefs will eventually threaten the well-being of towns and cities everywhere?”.

Vanuit 'n Christelike hoek moet egter meer as net die oorlewingsvraag gevra word. Watter Christelike waardes en oortuigings, “hoër roeping” (Maarschalk 2001:11), behoort die dryfveer agter omgewingsbewing te wees? Werp die Bybel lig hierop? Is die aarde en aardbewoners vir God enigsins belangrik in die lig van “die hemel wat wag”?

## 1.2 “Groen” ideologie

Daar is konsensus vandag dat geen teksinterpretasie objektief of waarde-neutraal is nie (Deist 1982:4-17). Elke mens kom met “betekenis” of 'n ideologie - 'n geïntegreerde stelsel van oortuigings, aannames en waardes van 'n bepaalde groep (Davis 1975:14) - na 'n teks toe. Hierdie ideo-

logiese bril bepaal hoe jy 'n teks lees, wat jy daarin raaksien wat vir jou van belang is, en in hoeverre jou oortuigings resoneer met die van die skrywer. Die feministiese lees van tekste is hier 'n sprekende voorbeeld. Patriargale ideologie in 'n teks word ontmasker en dit wat die saak/agenda van vroue dien, word benut. Robbins (1996:95) toon oortuigend aan dat ideologie dus te make het met die interpreteerder van 'n teks, sowel as die geënkodeerde ideologie in 'n teks soos herkenbaar aan die waardes van die geïmpliseerde outeur. 'n "Groen"-ideologiese lees van 'n teks impliseer dus 'n leser wat met ekosensitiewe waardes na die teks toe kom en daarin soortgelyke waardes ontdek. Hierdie waardes is dikwels weggesteek in die "gapings van die teks" en figureer as subteks agter die voorhande geskrewene.

Dit is opvallend hoe skeppingsteologie (die voorloper van ekoteologie) oor die algemeen afgeskeep word by van die bekendste Ou-Testamentiese teologieë (Von Rad 1962 en 1965; Westermann 1978; Anderson 1987; Goldingay 1987; Schreiner 1994; ens) ten koste van verlossingsteologie. Dit gaan einde ten laaste oor die mens en sy welsyn, dus antroposentrië. Moontlik was die ekologiese krisis by van die ouer geleerdes nie so 'n dringende kwessie nie en daarom die verwaarlosing daarvan. Ander ideologieë het hierdie geleerdes se agendas gevul en hulle arbeid gedryf. 'n Hele koor van nuwe, alternatiewe stemme, ekoteologiese stemme, is egter in die laaste klompie jare gehoor wat die blatante antroposentrisme van vroeëre benaderings teenstaan. Op eie bodem was daar Buitendag (1985; 1988), Loader (1987a; 1992), Le Roux (1991), Vos en Müller (1991), Conradie (1993 en 1996) en Augustyn (1996), om maar 'n paar te noem. 'n Opwindende eko-teologiese internasionale projek onder leiding van die bekende Australiese Ou-Testamentikus Norman Habel, *The Earth Bible*-reeks (2000; Habel & Wurst 2000), is tans aan die gang juis om die Bybel "ekobilik" te lees. Daar word gepoog om veral ses ekobilike beginsels in tekste te identifiseer en te ontgin, naamlik 1. Die beginsel van intrinsieke waarde van die aarde en aardbewoners; 2. Die beginsel van onderlinge verbondenheid van die skeppingsbestanddele; 3. Die beginsel van seggenskap ("voice") van die aarde; 4. Die beginsel van bestemming; 5. Die beginsel van gemeenskaplike voogdyskap of bewaring; en 6. Die beginsel van weerstand teen uitbuiting.

Binne hierdie "groen"-ideologiese raamwerk sal die ekologiese dimensies en implikasies van die godsredes van die boek Job blootgelê word. Vervolgens word dit ook didakties toegespits, veral in die lig van die nuwe Uitkomsgebaseerde Onderwys wat tans in die land ontwikkel word.

## **2 'N “GROEN”-IDEOLOGIESE WAARDERING VAN DIE GODSREDES IN DIE BOEK JOB**

Alvorens die godsredes “groen”-ideologies waardeer word, eers 'n paar opmerkings oor oud-Israel en natuurbewaring en die motivering vir die keuse van die boek Job.

### **2.1 Natuurbewaring in Israel?<sup>2</sup>**

Oud-Israel se ondervinding van die natuur was natuurlik bepaal deur hulle eie besondere omgewing. Hulle het die swaarkry van Palestina se bergagtige en ongelyke terrein, die verlatenheid van die Judese woestyn, die eindeloosheid van die Middellandse See en die vrugbaarheid van die laaglande en valleie geken. Hulle het in 'n klimaat gebly wat gewissel het van warm droë somers tot matige, nat winters. Hulle het aardbewings geken, donderstorms en Sirokko-winde trotseer. Hulle is omring deur 'n groot verskeidenheid plante en diere wat 'n tuiste gevind het in die oostelike Mediterreense omgewing. As landbouers en kleinvee-boere wat binne 'n bestaans ekonomie moes oorleef, was hulle van die grond afhanklik en moes hulle noodgedwonge na aan die natuur leef om hulle voortbestaan te verseker.

Na aan die natuur leef beteken egter nie natuur- of bewaringsprogramme ter wille van die natuur as sodanig nie. Die natuur moet leef sodat hulle kan oorleef, dus die mens se belang bly steeds voorop. Teenoor die wilde natuur het hulle eintlik 'n baie “koel” verhouding gehad en dit probeer vermy as onherbergsaam, mens-onvriendelik en eintlik maar nutteloos (Schochet 1984:3-4). Hierteenoor kom die godsredes in die boek Job met alternatiewe sentimente waar dit gaan oor die natuur as sodanig en veral oor die Skepper daarvan.

### **2.2 Keuse van die boek Job**

Uit wat sopas gesê is, dat die boek Job die natuur in eie reg erken, maak dit vanselfsprekend 'n gewilde keuse vir 'n “groen”-ideologiese lesing. Nie alle tekste leen hulle vir so 'n lesing nie. Schochet (1984) stel dit duidelik dat die diereoffertekste in Numeri en Levitikus byvoorbeeld allermins “groen” is.

Gordis (1985:189) het meer as 'n dekade gelede reeds die ekologiese essensie van die boek soos volg verwoord:

“The book of Job is concerned with one of the oldest problems known to man, the suffering of the righteous and the prosperity of the wicked; it would seem hardly likely that it would also speak to one of the newest issues confronting the human race, that being

---

<sup>2</sup> Vergelyk Maarschalk (2001:33-86) vir 'n volledige ekografie van die land Israel.

the pollution of soil, air and water, and the wholesale destruction of other living creatures in our day. The book of Job is fundamental for theology; ... it also has implications for ecology”.

Die ekologiese essensie van die boek is veral in die twee godsredes (Job 38:1-42-6) gefokus, wat algemeen as die *crescendo* of hoogtepunt van die boek<sup>3</sup> beskou word (bv Andersen 1976:266). Hier verskyn Jahwe vanuit die stormwind en praat vir die eerste keer in die boek. Die *Deus absconditus* word die *Deus revelatus*, en dit deur die natuur (Loader 1992:356, 358).

## **2.2 Die ekologiese dimensies en implikasies van die godsredes**

In die godsredes is daar hoofsaaklik drie ekologiese dimensies sigbaar, naamlik die kosbaarheid van die skepping, die nie-antroposentriese aard daarvan, en die skepping as leerskool vir die mens.

### **2.2.1 Die kosbaarheid van die skepping: kom van God af en word deur Hom onderhou**

God neem vir Job soos ’n wyse (maar strenge) Leermeester aan die hand en lei hierdie onkundige, opstandige leerling op hierdie asemrowende tog deur die ganse skepping (Hartley 1988:497). God begelei Job deur die abiotiese deel van skepping (Job 38:1-38), die biotiese deel daarvan (Job 39:1-33), en toon ook aan hom iets van die bonatuurlike aspek van die skepping soos versinnebeeld in die *behemot* (seekoei) en *leviatan* (krokodil) (Job 40:1-41:25). Die talle retoriese vrae regdeur die godsredes wil nie teenantwoorde van Job hê om sy insig te toets nie, maar juis sy onkunde oor God se sogenaamde wanbestuur van die skepping ontmasker (Viviers 1997:116). Dit is dus sarkasties bedoel om die arrogante Job op sy plek te sit. Job, soos blyk uit sy vroeëre gesprekke, was so op homself en sy swaarkry gefokus, dat hy die middelpunt van die skepping wou wees, asof alles om hom behoort te draai. Maar agter die bytende sarkasme poog God om Job na sy kant toe oor te wen. Hierin slaag God ook soos blyk uit Job se twee reaksies: voor God te buig, en Hom te erken (Job 39:36-38; 42:1-6).

Dit is opvallend in hierdie redes dat God telkens nadat Hy wonderlik geskep het, ook wonderbaarlik onderhou wat Hy tot stand gebring het. Dit geld die skepping van die aarde en see (38:4-11), die daeraad (38:12-15), oorspronge van die see, lig en duisternis (38:16-21), weer-verskynsels (38:22-30) en hemelliggame (38:31-38). So byvoorbeeld

---

<sup>3</sup> Vergelyk Maarschalk (2001:87-106) vir die bespreking van die struktuur, tyd en plek van ontstaan, outeurskap en eerste lesers, aard van die boek, inhoud en hoofboodskap van die boek Job.

word die voortbring van die see (38:8-11) treffend uitgebeeld as die geboorte van 'n baba, maar ook dadelik ingeperk in 'n “speelhokkie”. Die see is destyds gevrees vir sy groot krag en ook huisvesting van chaosmagte, maar is hier duidelik onder God se beheer. Ook die sterre beheer God met “toue” (38:31) in hulle bane. En in een van die treffendste uitsprake in die godsredes ag God sy skepping deur dit te laat “...reën in 'n land waar nie mense is nie, in 'n woestyn waar niemand woon nie...” (38:26). Om reën te mors in die woesteny in plaas van op landerye gaan menslike verstand en menslike egoïsme te bowe. God respekteer egter alles wat Hy gemaak het in eie reg, ongeag of dit vir mense nuttigheidswaarde het. Al hierdie prosesse vind ver (letterlik) van Job af plaas en ook “ver” (figuurlik) van sy begrip af; dit gebeur daar in die dieptes waar geen mens kan sien nie, en in die hoogste hoogtes en uiteindes van die heelal waar geen mens kan kom nie. En ook die biotiese wêreld, eweneens “ver” van die mens af, getuig van God se verstommende vermoëns van skeep en onderhou. Al die diere wat hier bespreek word, is wilde diere (leeu, kraai, klipspringer, wildedonkie, buffel, volstruis, valk en aasvoël, [perd uitgesonder]) wat ver verwyder is van die alledaagse ervaringswêreld van die mens. Hulle lewe is ongeïnhibeerd, vry van menslike beheer en daarom volmaak. Die jong kraaie “roep na God” (38:3) vir kos! 'n Wildedonkie en buffel (38:8-15), deur mense geharnas. Hulle diens is vernederend vir hierdie diere, en daarom verag hulle menslike pogings in hierdie verband. In teenstelling met God se sorg bedreig mense hierdie diere se lewe. Die boodskap is duidelik, arrogante mense is hier nie welkom nie. Hierdie diere se bestaansreg kom van God af, mense bepaal dit nie. En dieselfde met die twee verteenwoordigers van bonatuurlike (weliswaar óók natuurlike) magte, die seekoei en krokodil in die tweede godsrede. Waar van die vorige wilde diere tot 'n mate moontlike nut vir die mens sou kon hê (bv die jag van wildsbokke), is dit met hierdie twee indrukwekkende diere hoegenaamd nie die geval nie. Dit is onmoontlik om hulle te onderwerp. Hulle verstommende krag herinner selfs aan bonatuurlike monsters. En tog is hulle daar, deur God gemaak, die seekoei selfs “eerste” (“beste”, 40:14) en vir sy genot. Hy verlustig hom in hulle doen en late net soos met die vorige aardbewoners en onderstreep hierdeur hulle kosbaarheid.

Dit is duidelik dat God se skepping, sy versorging daarvan, en sy verlustiging daarin aan die geskapene 'n besondere betekenis en waarde in eie reg toeken. Om die skepping so intiem aan God te koppel getuig van iets baie spesiaal – as jy sê “God” dan impliseer jy die mooiste, diepste, beste, mees verhewe en noem maar op. Elke dier en elke skeppingselement word hierdeur tot 'n mate “heilig”, soos hulle Skepper. Habel se ekobilike beginsel van die intrinsieke waarde van die skepping (vgl hierbo) word ondubbelsinnig deur die godsredes beaam. En so ook

per implikasie die beginsel van gemeenskaplike voogdyskap of bewaring. Die Skepper moet nageleef word in respek vir die natuur, die versorging daarvan en ook die estetiese verlustiging daarin.

### **2.2.2 Die skepping moet teosentries, en nie antroposentries nie, waardeer word**

Die tweede betekenis van die godsredes, wat uiters nou ineengewef is met die eerste, is die teosentrisme van die skepping. God verlustig hom in die skepping, ongeag of dit vir die mens waarde het of nie, en bevraagteken die mens se byna vanselfsprekende egosentrisme.

Hierbo is reeds geïmpliseer hoe oorbodig die mens in 'n sekere sin vir die welsyn van die skepping is. Sou hy nie daar wees nie, sou die skepping ongesteurd (en onbesoedeld) bly voortbestaan. Telkens skemer dit ook eksplisiet in die godsredes deur. Met bytende sarkasme ontbloom God Job se onkunde oor die oorsprong van lig, en herinner hom baie skerp daaraan dat hy eintlik 'n laatkommer op die skeppingstoneel is (38:21): “Jy moet dit weet, jy wat maak of jy toe al gebore was, of jy 'n lang lewe agter die rug het”. Die skeppingsverskynsels, en die hele aardgemeenskap, het lank voor Job in sinvolle harmonie geleef. Hy behoort eerder daar te gaan leer hoe die lewe werk (vgl hieronder), as om arrogant te wil kom voorskryf hoe die lewe behoort te werk. Die (voorwetenskaplike) Jobskrywer beaam hiermee baie interessant natuurwetenskaplike bevindinge dat die aarde biljoene jare oud is en die mens slegs maar vir 'n fraksie van die tyd hier op aarde sy bestaan gemaak het. God se “...reën in 'n land waar nie mense is nie...” (38:26) bewys dat die mens en sy belange allermens die maatstaf is vir die versorging van die natuur. 'n Baie effektiewe manier om 'n hovaardige persoon op sy plek te sit is om so iemand uit te lag. Presies dit gebeur in die godsredes. Van al die wilde diere “lag” vier van hulle – wilddonkie (39:10), vol-struis (39:21), perd (39:25) en krokodil (41:20) - om hulle outonomieit teenoor die mens en ook hulle vreesloosheid te bevestig. En asof dit nie genoeg is nie, word mense ironies die kos van diere in plaas van andersom, soos die mens daaraan gewoond is. Die aasvoël wat hoog in die kranse haar nes bou se kleintjies “...vreet bloederige vleis...” (39:33). Dit is die “vleis” van gesneuweldes wat op die slagveld omgekom het waarop die aasvoël aas. Hoe belangrik is die mens dan nou werklik? Daar is darem die troos dat die mens wel 'n plek in die skepping het (40:10): “Kyk die seekoei: ek het hom gemaak toe ek jou gemaak het...”. Maar dit is baie duidelik die omgekeerde van Psalm 8 of Genesis 1 waar die mens die “kroon” van die skepping is. Hier is hy nie die “kroon” nie, maar slegs deel van die skepping. Dít is sy plek, nie verheewe bo nie, maar daarlangs, net nog 'n “dier” wat deel vorm van die aardgemeenskap.

Die skepping se teosentrisme bevraagteken dus tegelyk hoogmoedige antroposentrisme. Die mens se regmatige plek in die skepping - “daarlangs” in plaas van “daarbo” - bevestig Habel se ekobilike beginsel van onderlinge verbondenheid en ook gemeenskaplike voogdyskap (vgl hierbo). Die “stem” (Habel se ‘voice’) van die skepping klink helder op in die viering van lewe. As deel van die skepping moet die mens in harmonie daarmee leef, leef en laat leef! Indien nie, hoor ’n mens onmiddellik ook ’n “stem” van weerstand, die diere wat lag ter beskerming van hulle outonomie. Dit kom ook vroeër in Job voor, by die wraak van die natuur as uiterste weerstand teen menslike uitbuiting soos beliggaam deur aardbewings en oorstromings (bv Job 14:18-19; vgl ook Lev 18:28; Rom 8).

### 2.2.3 Die natuur as leerskool

Wanneer Job hom in hoofstuk 12 teen Sofar verweer, sê hy die volgende (vv 7-8): “Miskien moet jy die diere vra om jou te leer, die voëls daarbo om jou te vertel, of praat met die aarde dat dit jou leer en met die visse in die see dat hulle dit vir jou sê...”. Hiermee sluit hy aan by die gangbare wysheidstradisie dat die skepping ’n leerskool vir die lewe is, of soos Loader (1986:103) dit stel, ’n bron van “indirekte openbaring” (vgl ook Spr 6:6-9; Schochet 1984:43). Dit word ook deur Eilberg-Schwartz (1990:117) beaam wat aandui dat Israel as ’n volk wat naby aan die natuur geleef het, die plant- en dierelewe gebruik het as metafore vir hulle eie lewens. Diermetafore is in frekwensie hoër in gebruik waarskynlik omdat dieregedrag sterk aan menslike gedrag herinner. Dit is ook opvallend dat plantmetafore vir mense wel vroeër in Job voorkom (bv Job 8:16-19), maar in die godsredes slegs diere as leermodelle figureer.

Daar is ’n konsensus onder geleerdes dat die (natuurlike) kosmiese orde in Job as model bedoel word vir die morele (menslike) orde (bv Gordis 1965:207; Loader 1987:7; Clines 1989:xlvi). Net soos wat die kosmos deurspek is van geheime en tog perfek funksioneer, so behoort ook die menslike lewe op aarde aanvaar en geleef te word ten spyte van geheime. Die diere in die skepping vra nie vrae nie, maar lewe voluit met die misterie daarvan saam. Mense behoort hierdie lewenstyl by hulle mede-aardbewoners oor te neem en so hulle eie lewe in te rig. Omdat mense deel is van die skepping en daarom tot ’n mate reeds op een golf-lengte met die res van die aardbewoners, is dit nie so ’n moeilike taak nie. Die diere is verder ook langer op aarde en het klaarblyklik die lewenskuns veel beter bemeester as die laatkommer mens. Oor beide die kosmiese en morele sfeer waak die Skepper.

Dit is duidelik dat al Habel se ses ekobilike beginsels (vgl hierbo) by die natuur as leerskool ter sprake kom. Die waarde van die natuur en gevolglike instandhouding daarvan, die band daarmee, die bestemming



(“design”) of ordelike funksionering daarvan, die “stem” van lewe, maar ook van “weerstand” van die natuur, dra alles daartoe by dat dit ’n kosbare leerskool vir die lewe word. Om die natuur te vernietig, is soos om ’n biblioteek af te brand – kennis en lewe is dan daarmee heen. Dit is opmerklik hoe die natuur hier te lande (veral die planteryk) eietyds opnuut ontdek word as ’n laboratorium vir geneesmiddels, vir gebruik in beide tradisionele en moderne (Westerse) geneeskundige kringe<sup>4</sup>. Maar die natuur word ook eietyds al meer en meer as terapeutiese bron ontdek en gebruik. David Cumes, ’n Suid-Afrikaanse uroloog, laat hom gevleueld soos volg hieroor uit: “Spending time in the serenity and solitude of the bush can be better for you than a course of antibiotics and years of psychotherapy because nature is one of the most powerful healing forces in the universe” (*The Star*, 15 Maart 2000).

By terugskoue sal die nie-antroposentrisme van die godsredes waarskynlik nie so aangenaam op die oor val waar die menseregte-kultuur vandag so prominent beklemtoon word nie. Menseregte het die mens, veral hulle wie s’n voorheen ontken is, se waardigheid kom herstel. Ongelukkig het dit by baie tot grootheidswaan gelei, sodat regte en voorregte gedurig opgeëis word, maar verantwoordelikhede geïgnoreer word. Dit kan duidelik gesien word waar mense roekelose verbruikers en “opgebruikers” van kosbare natuurlike hulpbronne geword het, sonder enige kommer oor die toekoms. ’n Groot opvoedingstaak lê in die verband voor.

### **3 EKOLOGIESE IMPLIKASIES VAN DIE GODSREDES DIDAKTIES TOEGESPITS**

Hoe kry ’n mens die ekologiese boodskap van die godsredes van Job - ’n kosbare aarde wat slegs deur versigtige mensehande aangeraak mag word - tuis by mense? Hoe word ’n ekobillike lewenstyl van omgewingsvriendelike handeling geïnternaliseer? Die onderwys en die kerk kan hierin ’n sleutelrol speel.

#### **3.1 Onderwys**

In die primêre opvoedingsituasie, die gesin, kan omgewingsopvoedingshandeling spontaan plaasvind deur van kleinsaf by kinders ’n respek en liefde vir die natuur te vestig. Dit word formeel in die sekondêre opvoedingsituasie van die skool (ook die kategese) gevestig en uitgebou. Dit is veral die opbloei van Omgewingsopvoedkunde die laaste klompie dekades, internasionaal en plaaslik, wat spesifiek daarop toegespits is om ’n universele omgewingsetiek te bevorder (Van Rooyen & Viljoen 1996:


---

<sup>4</sup> Vergelyk Maarschalk (2001:133-134) vir die gebruik van bepaalde inheemse plantsoorte as geneesmiddels vir ’n verskeidenheid van siektes.

31). In 1977 reeds het van die vroegste konferensies oor Omgewingsopvoeding in Tbilisi, Rusland, plaasgevind, gesamentlik gereël deur die *United Nations Education, Scientific and Cultural Organisation* (UNESCO) en die *United Nations Environment Program* (UNEP). Hier is onder andere die volgende Omgewingsopvoedingsbeginsels beklemtoon: die omgewing in sy totaliteit is die fokus; omgewingsopvoeding behoort 'n volgehoue, lewenslange proses te wees; omgewingsopvoeding is inter-dissiplinêr in benadering; dit poog om omgewingsensitiwiteit, kennis, kritiese en probleem-oplossingsvaardighede en 'n begrip vir waarde-uitklaring ten opsigte van die omgewing te bevorder. In 1997 het die belang van omgewingsgeletterdheid ook in Suid-Afrika 'n amptelike stempel gekry deur Omgewingsopvoeding wetlik deel te maak van die nuwe Uitkomsgebaseerde Onderwys. Buitelandse skenkings, onder andere van die Deense regering en die *Green Trust* (van die *World Wide Fund for Nature*), het die vestiging van Omgewingsonderwys in die skoolkurrikulum van al nege provinsies (vanaf 2001) moontlik gemaak. 'n Verdere hupstoot is gegee met die aanstelling van 'n Omgewingsopvoedkundige adviseur, dr Razeena Wagiet.

Ter kennisname word Van Rooyen (2000) se Omgewingsopvoeding vir Volhoubaarheids-model as teoretiese refleksie hier diagrammaties weergegee:

## OMGEWINGSOPVOEDING VIR VOLHOUBAARHEID



Drie konsepte bepaal die model, naamlik die omgewing, aktiewe leer, en volhoubaarheid. Wat die *omgewing* betref, vorm die biofisiese aspekte die sentrale dimensie, wat in aktiewe wisselwerking met die sosiale, politieke, wetenskaplik-tegnologiese en ekonomiese dimensies is. Die personele dimensie, ingebed in die kontekstuele dimensie van omgewingsetiek, kultuur en godsdiens, deurdring hierdie aspekte. Hier in die personele dimensie is “wat ek moet ken, wat ek kan doen, en wat ek wil” vir omgewingsgeletterdheid van kardinale belang. Dit impliseer dus kennis, vaardighede en waardes en houdings. *Aktiewe leer* steun op die bewuswording van die omgewing, dialoog (debat) daarop, en refleksie of nadenke daarop. *Volhoubaarheid*, die onderliggende doel, behels die ontwikkeling van individue om in hul eie behoeftes te voorsien, sonder om die volgende geslag of geslagte te benadeel. Dit word verkry deur lewe in die gemeenskap te respekteer.

Dit is veral op die terrein van waardes en houdings waar die religieuse, en byvoorbeeld 'n teks uit die Christelike tradisie naamlik Job, 'n vormingsrol kan speel. Waardesuitklaring<sup>5</sup>, die nie-indoktrinerende bekendstel van menige alternatiewe, waaruit die leerder self dan keuses maak, blyk die heersende sentiment van die oomblik in die nuwe onderwysbedeling te wees. Ten opsigte van die omgewing beklemtoon Lickona (1992:43) *eerbied vir en verantwoordelikheid teenoor die omgewing en skepping*, en eggo hiermee in wese die strekking van die godsredes. In 'n reaksie teenoor die bevoordeling van slegs Christelike waardes in die ou onderwysbedeling, toon Madzamba (1998) aan hoe 'n opvoeder demokraties verskillende religieë se waardes oor die ekologie kan bekendstel. Die hoofstroomgodsdienste (Christendom, Judaïsme, Islam, Hindoeïsme, Boeddhisme en tradisionele Afrikagodsdienste) praat “uit een mond” wanneer dit by omgewingsverantwoordelikheid kom (vgl ook Maarschalk 2001:159-163).

In die agt leerareas van Uitkomsgebaseerde Onderwys is die *Lewensoriëntasie*-area, die area waarin godsdiens geakkommodeer word, dié area by name waar waardeuitklaring gefokus kan plaasvind. Hier kan omgewingsvriendelike waardes met groot vrug bekendgestel word. By die leerarea, *Die mens en sosiale wetenskappe*, is een van die uitkomste dat die leerder begrip moet hê vir die onderlinge verband tussen die gemeenskap die en natuurlike omgewing, en sosiale en omgewingsgeleenthede kan hanteer, ten einde ontwikkeling en sosiale geregtigheid te bevorder. Ook in die *Natuurwetenskappe*, waar die klem val op die planeet aarde, lewe en leefwyse, energie, verandering, en materie en materiale, bly die etiese vraag nie agterweë nie. Die leerder moet kennis en begrip toon van etiese besware, bevoordeling en onregverdigheid, wat verband hou met die natuurwetenskappe. Selfs by *Getal en wiskundige begrip* is daar die vereiste om verantwoordelik te kan optree in die beskerming van die totale omgewing. Hoewel daar gewaak moet word om omgewingsonderwys kunsmatig oral in te forseer, is die moontlikhede vir die kreatiewe bekendstelling van kerngesonde waardes ten opsigte van die omgewing onbeperk. 'n Taalonderwyser kan byvoorbeeld in die letterkundeperiode wêreldklasliteratuur soos Job (vgl Loader 1987b:1) behandel en spesifiek wys op die ekobilike waardes van die godsredes. Uiteraard vra dit 'n kreatiewe en goedopgeleide onderwyserskorps. Daar is twee moontlikhede vir onderwysersopleiding in die verband. Die eerste is volledige opleiding in die vak Omgewingstudies. Die tweede is 'n holistiese benadering waar 'n module oor Omgewingsop-

---

<sup>5</sup> By die kognitiewe ontwikkelingsbenadering word meer voorskriftelik te werk gegaan waar waardes ingeskerp word namate die leerder kognitief ontwikkel en die aanleer van meer komplekse vlakke van morele denke moontlik word.

voedkunde<sup>6</sup> in Onderwyskunde geneem word om hierdie insigte kruis-kurrikulêr by alle vakke te integreer. Laasgenoemde pas reeds netjies in by die interdisiplinêre filosofie van die nuwe Uitkomsgebaseerde Onderwys.

Omgewingsopvoedkunde binne Uitkomsgebaseerde Onderwys in die hande van bekwame en toegewyde onderwysers, kan omgewingsgeletterdheid en omgewingsensitiwiteit 'n lewenswyse by die burgers en leiers van môre maak.

### 3.2 Kerk

Wat die rol van die kerk in die vestiging van 'n universele omgewings-etiek betref, word hier volstaan met 'n paar opmerkings. Lynn White (1967) het die spreekwoordelike knuppel in die hoenderhok gegooi deur die kerk as uit en uit aandadig aan die ekologiesekrisis te beskou. Loader (1987a) het ter versagting aangetoon dat die skoen darem nie heeltemal pas nie, en besondere “groen” momente uit die kerkgeskiedenis uitgelig (bv Francis van Assisi) en ook “groen” sentimente in die Ou Testament (bv Job) beklemtoon.

Daar is reeds vroeër gewys op die vars bries van eko-teologiese studies wat die afgelope paar jaar die lig gesien het. Behalwe hiervoor is daar ook talle lofwaardige pogings<sup>7</sup> om die ekologiesekrisis aan te spreek, byvoorbeeld die *Eenheid vir Omgewingsetiek* by die Universiteit van Stellenbosch. Die Nederduits Gereformeerde Kerk se *Geloofsverklaring 2000 (Die Kerkbode, 3 November 2000)* stel in die tiende verklaring verantwoordelikheid teenoor die omgewing soos volg: “Ons glo, dat ons op aarde as deel van God se skepping aangewese is soos 'n kind op sy of haar ouer; dat ons die aarde van God ontvang het, saam met alles wat dit inhou, moet bewaar - ook met die oog op toekomstige geslagte”. Enkele plaaslike gemeentes gee ook kreatief aandag aan die ekologie-vraagstuk in die prediking, liturgie (veral op Omgewingsondag), kategese en ook pastoraat (bv “natuurterapie”). “Hande-vat” met die ander godsdienste oor hierdie lewensbelangrike saak lyk voor die hand liggend, om ook kreatiewe en onmisbare vennote van die skool en ander opvoedingsinstansies te word.

Gedurig moet die kerk egter introspeksie hou, of naakte antroposentrisme nie maar ál is wat die agenda vul nie, en dit in opdrag van die God van die godsredes van Job afwys en uitwis as sondige egosentrisme.

---

<sup>6</sup> Vergelyk Maarschalk (2001:166-170) vir studies oor omgewingsopvoeding in die VSA, Nederland en Kanada.

<sup>7</sup> Vergelyk Maarschalk (2001:170-183) vir 'n breedvoeriger bespreking wat hier te lande en oorsee gebeur op kerklike en ander gebiede ten opsigte van omgewingsbewaring.

## 4 GEVOLGTREKKING

In 'n wêreld waar oud-Israel wel naby aan die natuur geleef het, maar primêr vir eie oorlewing, kom die boek Job met 'n verrassende alternatiewe stem. Die godsredes onderstreep die natuur se intrinsieke waarde, ongeag of dit vir die mens nuttigheidswaarde het, en dit danksy God. Hierdie teks uit die verre verlede is dan ook merkwaardig aktueel vir die eietydse ekologiese krisis waarin die wêreld sigself bevind. Die godsredes se ekobillike waardes van respek en gemeenskaplike voogdyskap vir alle lewe in die skepping konfronteer die roekelose geplunder van die aarde trompop.

Dit is jammer dat die kerk in die verlede sy eie ryke tradisie misken het deur 'n antroposentriese agenda van “menslike verlossing” ten koste van “God se skepping” oor te beklemtoon. Daar is egter wel lofwaardige pogings om hierdie egosentrisme te bestry, soos blyk uit talle eko-teologiese publikasies, kerklike en ander projekte om omgewingsensitiwiteit te vestig en 'n leefwyse te maak. Ander godsdienste staan gereed om ook met hulle omgewingsvriendelike insigte die stem van die Christendom te versterk vir die daarstel van 'n universele omgewingsetiek.

Hoewel daar baie (praktiese) kritiek teen Uitkomsgebaseerde Onderwys is, bied dit ongetwyfeld 'n vrugbare ruimte vir die vorming van omgewingsbewuste burgers en leiers van môre. Omgewingsopvoedkunde, kreatief en sinvol aangebied, lewer hier 'n onmisbare bydrae.

Hopelik word die eerste treë reeds gegee waar die mensdom saam met die Skepper reën gun vir 'n land “...waar nie mense is nie...” (Job 38:26).

### Literatuurverwysings

- Andersen, F I 1976. *Job: An introduction and commentary*. Leicester: Inter-Varsity Press.
- Anderson, B W 1987. *Creation versus chaos: The reinterpretation of mythical symbolism in the Bible*. Philadelphia: Fortress Press.
- Augustyn, G M 1996. *Psalm 104: 'n Ekoteologiese perspektief*. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Buitendag, J 1985. *Skepping en ekologie: 'n Sistematiese ondersoek na die teologiese verstaan van die werklikheid*. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- , 1988. En nou bly die Skepper, skepsel, skepping - hierdie drie: 'n Teologiese profiel van die ekologiese debat. *HTS* 44 (2):295-313.
- Burden, J J & Prinsloo, W S, 1987b. *Tweegesprek met God*, 1-8. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers. LOT 3.
- Clines, D J A 1989. *Job 1-20*. WBC 17. Dallas: Word Books.
- Conradie, E M 1993. Ecology and Christian theology: An introduction with a comprehensive, indexed bibliography. *Scriptura* 47:52-104.
- , 1996. *Rus vir die hele aarde*. Kaapstad: Lux Verbi.

- Davis, D B 1975. *The problem of slavery in the age of revolution, 1770-1823*. New York: Cornell University Press.
- Deist, F E 1982. Bybelinterpretasie en Ideologie-kritiek. *Theologia Evangelica* 15:4-17.
- Deist, F E & Vorster W S, 1986. *Woorde wat ver kom*, LOT 1:103-122. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Die Kerkbode* 3 November 2000. Kerk oorgehaal vir “Jaar van Hoop”, 1.
- Eilberg-Schwartz, H 1990. *The savage in Judaism: An anthropology of Israelite religion and ancient Judaism*. Bloomington: Indiana University Press.
- Goldingay, J 1987. *Theological diversity and the authority of the Old Testament*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Gordis, R 1965. *The book of God and man: A study of Job*. Chicago: The University of Chicago Press.
- , 1985. Job and ecology (and the significance of Job 40:15). *HAR* 9:189-202.
- Habel, N C (ed) 2000. *Readings from the perspective of earth* (The Earth Bible 1), Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Habel, N C & Wurst, S (eds) 2000. *The earth story in Genesis* (The Earth Bible 2), Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Hartley, J E 1988. *The book of Job*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Le Roux, C J P 1991. Eko-Teo-Logie. Op soek na 'n Eko-Teo-Logie vir die moderne tegnieker. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Lickona, T 1992. *Educating for character: How our schools can teach respect and responsibility*. New York: Bantam Books.
- Linden, E 2000. Condition critical. *Time Special Edition* 155 (16a):18-24.
- Loader, J A 1986. Tekste met 'n wysheidsperspektief, in: F E Deist, & W S Vorster (reds), *Woorde wat ver kom* (LOT 1), 103-122. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers. (LOT 1)
- , 1987a. Image and order: Old Testament perspectives on the ecological crisis, in: Vorster, W S (ed), *Are we killing God's earth?: Ecology and theology*, 6-28, (Miscellanea Congregalia 30), Pretoria: Unisa
- , 1987b. Die boek Job, in: Burden, J J & Prinsloo, W S (reds), *Tweegesprek met God* (LOT 3), 1-8. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- , 1992. Seeing God with natural eyes: On Job and nature. *OTE* 5 (3):346-360.
- Maarschalk, R 2001. *Die godsredes in die boek Job, ideologie en eko-teologie*. D Litt et Phil-proefskrif, RAU, Johannesburg.
- Madzamba, H K 1998. *The curricular potential of common religious values*. (M Ed mini-dissertation), RAU, Johannesburg.
- Robbins, V K 1996. *Exploring the texture of texts: A guide to socio-rhetorical interpretation*. Valley Forge: Trinity Press.
- Schochet, E J 1984. *Animal life in Jewish tradition: Attitudes and relationships*. New York: KTAV Publishing House.
- Schreiner, J 1994. *Theologie des Alten Testaments* (NEB), Würzburg: Echter Verlag.
- The Star* 15 March 2000. Heal yourself with a walk on the wild side, 14.
- Time Special Edition* 2000. How to save the earth. 15 (1).
- Van Rooyen, H G 2000. Persoonlike gesprek, RAU, Johannesburg.
- Van Rooyen, H G & Viljoen, H 1996. *Omgewingsopvoedkunde*. Johannesburg: RAU Kollege vir Onderwys en Gesondheid.
- Viviers, H 1997. How does God fare in the divine speeches? *OTE* 10 (1):109-122.
- Von Rad, G 1962. *Old Testament theology, vol I*. New York: Harper & Row.

- , 1965. *Old Testament theology, vol 2*. Edinburgh: Oliver & Boyd.
- Vorster, W S, 1987. *Are we killing God's earth?: Ecology and theology*, (Miscellanea Congregalia 30), 6-28. Pretoria: Unisa.
- Vos, C J A & Müller, J C 1991. *Mens en omgewing*. Johannesburg: Orion Uitgewers.
- Westermann, C 1978. *Theologie des Alten Testaments in Grundzügen*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- White, L 1967. The historical roots of our ecological crisis. *Science* 155:1203-1207.